

INHOUDSOPGAWE

Hy doop met die Gees!	1
Dit verdra Hy nie	4
Sondag: die dag van die Here	6
Wat is kategese?	8
Masturbasie	10

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

HY DOOP MET DIE GEES!

E Viljoen

Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Gees gedoop word...(Hand 1:5)

Méér as Johannes

Die opvallendste belofte van Johannes die Doper was dat daar iemand na hom sou kom wat doop met die Heilige Gees. Johannes kon doop met water. Die Een wat ná hom kom beskik oor veel meer. Die Een wat ná hom kom het kennelik seggenskap in die hemel. Hy kan vanuit die hemel doop - met die Gees en met vuur. Net voor Jesus finaal in heerlijkheid in die hemel opgeneem word, verseker Hy nog sy dissipels dat hulle kort daarna met die Heilige Gees gedoop word. Jesus is die Een wat gaan doop. Met meer as wat Johannes kon doop.

Vrae

Die “doop met die Heilige Gees” is ’n baie gewilde tema in sommige kerke. En dikwels word dit dan verbind met die spreek in tale. Volgens sommige is dit een van dié tekens dat jy met die Gees gedoop is. Is dit so dat die doop met die Heilige Gees die hoogtepunt is van Christenwees - die derde stap in ’n proses van verlossing – bekering, heiliging, doop met die Gees? Sommige sien die doop met die Heilige Gees as noodsaaklike



ervaring om waaragtig en voluit kind van God te wees - ’n ervaring wat volg op geloof.

Een wat gróter is as Johannes

Kom ons kyk na die beeld wat ons uit die Skrif kry. Dit gaan in die Skrif nie oor ’n gebeurtenis in iemand se persoonlike lewe wat volg op iets anders in jou lewe nie. In die Skrif gaan dit oor die opvolging van Een wat groter is as een wat voor Hom was. Die vergelyking is tussen Johannes die Doper en die Een ná hom: Jesus. Johannes bring nie die hoogtepunt van God se verlossingswerk nie. Dit is vir een groter as hy beskore. Die Messias is die hoogtepuntJesus! Jesus vervul al God se beloftes – beloftes van seën en oordeel. Jesus bring die hoogtpunt van die lewe met God, maar ook die grootste verwydering

deur die vuur van oordeel. Die Gees van God is geen nuwe figuur op die toneel nie. Wel die Een wat die Gees gee. Dit is Een wat as mens in die strate van Palestina rondgeloop het en deur God in die hemel opgeneem is. Hy stort nou die Gees uit oor mense. Van Hom moet ons alles verwag...selfs die Gees van God!

Die Gees en die herstel van die koninkryk

Tussen Paasfees en Hemelvaart is daar 40 dae. Tussen Jesus se opstanding uit die dood en sy finale opname in die hemel, verloop daar 'n tyd waarin Jesus gereeld aan sy dissipels verskyn het. Waaroor sou hulle alles gepraat het? Lukas los ons nie in onsekerheid nie. Hulle het *gepraat oor die dinge van die koninkryk van God*. In die Bybel is die koninkryk van God onlosmaaklik verbind aan die volk Israel. Uit hulle kom die Messias wat op die troon van Dawid sal regeer, nie net oor Israel nie, maar oor die hele wêreld.

**Van Jesus moet ons alles verwag...
selfs die Gees van God!**

Israel was egter in 'n hopelose toestand. Die profete het soos in een koor pragtige beloftes gemaak van die herstel van die nageslag van Abraham. Daar sal 'n terugkeer wees na die Here. Dooie beendere sal herleef. 'n Profeet in die gees van Elia sou die volk voorberei vir die koms van die Here. Jerusalem en die tempel van die Here sou herbou word. Die meerderheid van die Jode wat nog in verstrooiing was, sal terugkeer na die Here. Israel sal herstel word as 'n lig vir die nasies. Die Messias sal vir ewig regeer. Oor al hierdie dinge praat die dissipels vir 40 dae met Jesus na sy opstanding uit die dood.

Hierdie koninkryk is nie mensewerk nie. Dit is 'n bouwerk van die Here self. Hiervoor het Hy self twaalf apostels uitgekies. Twaalf verteenwoordigers van die twaalf stamme van Israel. Deur die Heilige Gees gee Hy vir hulle bevel. Hulle sal sy uitgestuurdes wees. Boodskappers van die koninkryk. Voor sy hemelvaart verskyn Hy aan hulle met baie kentekens. Nadat Hy gely het, vertoon Hy homself nou as die lewende. Die een wat nie deur die dood vasgehou kon word nie.

Blykbaar het dit alles te doen met die Koninkryk van God. Die band tussen die koninkryk en die lyding van Jesus moet ingeskerp word by die dissipels. Net soos die twee weglooptdissipels na Emmaus moes hoor dat die lyding van die Here volgens die Skrifte was – dit móés alles só gaan! Die vestiging van die koninkryk van God staan nie los van Jesus se lyding nie. Die “dinge van die koninkryk van God” waaroor hulle gepraat het, was nou juis die noodsaak van alles wat met die Here Jesus gebeur het.

Die belofte van die Vader

Die dissipels se taak in die herstel van die koninkryk is eenvoudig. Moenie weggaan van Jerusalem nie. Die koningskap van die Here sal vanuit Jerusalem oor al die volke uitsprei. Alles moet begin by die stad van Dawid. Uit Israel kom die verlossing! Dit was tog die belofte van die Vader? (vs. 4b). In Jerusalem moet hulle gaan wag vir die volgende stap van die Verlosser. Hy gaan kom doen wat Johannes die Doper nie kon doen nie. Die Messias beskik oor die hemel. Uit die hemel stuur Hy na sy hemelvaart sy Heilige Gees. Hy doop met die Gees. Die Gees se koms uit die hemel is die volgende manier waarop Hy wat op die troon van Dawid sit, die koms van God se koninkryk bewerk. Daaroor sal die res van die boek Handelingte gaan...

Die grootste stryd is nie tussen twee mense nie, maar tussen 'n persoon en homself.

- Garth Brooks

Here, gaan U in hierdie tyd...?"

Uit die profete was dit duidelik: deur die koms van die Gees van die Here begin die herstel van Israel se koninkryk. Dink maar aan Jesaja, Esegïel, Joël, ens. Geen wonder nie dat die dissipels vra: "*Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?*" Die koninkryk is duidelik nie vrug van mense se politieke ideale nie. Die koninkryk is 'n geskenk van God. *Hý* rig die koninkryk op! Die koninkryk het naby gekom toe die koning tussen mense kom woon het. Die tekens was reeds duidelik – blindes sien, kreupeles loop, melaatses is gesond gemaak, dooies het opgestaan uit die dood.

Wanneer hierdie koninkryk opgerig word, is nie die belangrike vir die dissipels om te weet nie. Belangrik is dat die apostels hulle plek en taak daarin sal sien. In die plek van nuuskierigheid oor die "wanneer" van die koninkryk, moet die krag van die Gees kom! Wat hulle nodig het, is nie nuuskierigheid nie, maar krag van die Gees van God. En dit gee Jesus wanneer Hy hulle doop met sy Gees uit die hemel. Dit is deur die krag van hierdie Gees van God, dat die koninkryk sal kom. Die apostels sal daarvan bloot getuies moet wees. 'n Heel beskeie plek vir die apostels en gemeente van Jerusalem in die koninkryk! Getuies. Hulle moet bloot getuig van God wat koning wil wees oor mense deur Jesus wat gely het, opgestaan het en nou aan sy regterhand in die hemel is.

Getuies van Jesus

'n Getuie vertel nie van homself nie. Hy vertel wat hy gesien het. 'n Getuie staan in vir die waarheid teenoor aanklaers. Die apostels was ooggetuies van alles wat met Jesus gebeur het. Hulle kan getuig van die waarheid! Vir hierdie werk, kom die Gees nou baie spesifiek. Die Gees sal oor die apostels kom en hulle krag gee

vir hulle taak as getuies. Dit is 'n groot taak. Hulle sal moet getuig in Jerusalem, daar waar Jesus onskuldig veroordeel is en hulle self in vrees gevlug het. In Judea, onder hulle volksgenote. In Samaria – hulle broedervolk sal opgesoek moet word. En tot aan die einde van die wêreld... voor regbanke, voor vyandige volksgenote, voor konings en keisers.

Ook die aarde moet Hom ontvang as koning – dit sal gebeur deur die krag van die Gees wat werk deur die getuienis van die apostels.

Onmiddellik daarna is Jesus voor hulle oë - (hulle moet immers getuies wees!) – opgeneem in die hemel in 'n wolk van goddelike heerlijkheid. Die hemel neem Jesus op – Hy vertrek nie in eie krag op 'n hemelse ruimtereis nie. Die hemel ontvang Hom as koning. Getuies uit die hemel, twee engele kom getuig daarvan. Hulle verseker dat hierdie selfde Jesus in dieselfde wolk van heerlijkheid sal terugkom. Tot dan sal getuig moet word van die koning. Ook die aarde moet Hom ontvang as koning – dit sal gebeur deur die krag van die Gees wat werk deur die getuienis van die apostels. Saam met die apostels was daar ook nog van Jesus se familieleden en 'n klomp vroue. Só kom die koninkryk. 'n Groep mans en vroue wat saam bid en smek tot die Here: "*Laat U koninkryk kom!*"

Om die twaalf stamme van Israel te regeer

Die groep mense wat so saam volhard het in gebed en smeking was 'n totaal van 120 mense. Dit is geen toevallige getal nie. Die Gees wil die voorbereidingswerk doen vir die herbou van Israel. Daarvoor was twaalf apostels gekies. By die laaste nagmaal het Jesus aan die apostels beloof: "*Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my*

Geloof skryf alle goeie dinge toe aan die genade van God – selfs sy eie bestaan.

- JCP Cockerton

Vader dit vir my beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel' (Luk 22:29-30). Hier waar die getuies van Jesus Christus optree, begin die herstel van die koninkryk van Israel. Die twaalf getuies is die fondament van die herstelwerk. Saam met hulle is daar 120. Twaalf maal tien.

Die getal is werklik nie somer net toevallig nie. Só ernstig is dit dat die getal twaalf weer vol gemaak moet word voor die Gees hulle met krag kom vul. Judas se droewige verhaal word vertel om te laat sien hoe belangrik dit is dat die getal van 12 herstel sal word. Só belangrik is dit, dat selfs die Here God self as getuie daarvan

ingeroep word. Hy het immers deur die mond van Dawid getuig van die plaasvervanger wat die amp sal moet opneem. So het 'n huis gereed geword vir die Gees om sy intrek te kom maak.

Op aangrypende manier word die nagmaal verbind aan hierdie koninkryk. Daar waar in die Naam van Christus regeer word deur die evangelie, word saam met Christus aan sy koninkrykstafel geëet en gedrink. Daarvoor is nodig om die goddelike stempel afgedruk te kry op hierdie werk. Die twaalf moet met die Gees gedoop word. Waar die Gees van God werk, dáár werk God. Waar die Gees nie is nie, is die koninkryk nie teenwoordig nie. Die doop met die Gees is die waarmerk van 'n Goddelike werk!

DÍT VERDRA HY NIE

M Brink



*Eer aan die Vader
en aan die Seun
en aan die Heilige Gees
van nou af tot in alle ewigheid!*

"...bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing." (Efesiërs 4:30).

Die eerste gemeente was fantasties. Van die begin af was dit 'n groot stadsgemeente, sonder randkerklies. Pinkster was nie maar net 'n enkele oppervlakkige en verbygaande gebeurtenis nie, maar het die lewens van mense vir altyd verander. Hulle gewone werkweek het totaal verander namate hulle die leringe van die apostels bywoon, of saam met ander Christene maaltyd hou om Christus se dood te gedenk, of wanneer hulle gereed byeenkom om saam te

Bekering en geloof is albei vernederende gawes: by bekering verafsku 'n mens homself, en by geloof gaan soek hy buite homself.

- Thomas Watson

bid.

Die Jode het altyd 'n sterk familiegevoel gehad, maar hierdie “geloofs familie” het 'n besondere sterk en hegte band gehad. Het iemand geld nodig? Sê maar net, ons soek saam na 'n oplossing. Is iemand siek? Ons sorg vir hulle. Beleef iemand een of ander vorm van verdriet? Ons slaan ons arms om hulle.

Die eerste Christene het elke dag bemerk hoe die Gees aan die werk is. Dit was nie maar net die opsigbare dinge wat die Gees gedoen het, wat die aandag getrek het nie, maar ook en veral dit wat deur die Gees van binne af gedoen is. Dit word immers opgemerk wanneer iemand die idee kry om sy huis of grond te verkoop! Elke Jood wil op sy oudag graag in Jerusalem woon en begrawe word, aangesien dit tog dáár is waar die Messias sou verskyn. Daarom is elke lappie grond daar baie duur. Maar nou sê die Christene: “Die Messias het al gekom, nou maak dit nie meer saak nie. Ek kan nou maar my stukkie grond verkoop. Al kan ek dan nie meer in Jerusalem begrawe word nie, wat maak dit dan saak? As Christus terugkom, is dit nie slegs in Jerusalem nie, maar sal Hy, soos 'n weerligstraal, gelyktydig in die ooste en die weste wees. Hy sal my oral kan vind.”

Dit is weereens 'n aanduiding van 'n kreatiewe uitdrukking van vertroue in Christus! En natuurlik, daardie geld is geloofsgeld wat na die gemeente toe gaan. Wat 'n fees van die Gees! Die onbekommerde vrygewigheid, wat egte gesamentlike vreugde meebring.

En dan is daar die sak met die geld van Ananias. Dit is nogal 'n mooi bedrag. Niemand hoef te weet dat daar skempies by die huis iets in die spaarpot verdwyn het nie. Tog maak die Gees dit openbaar. Nie omdat Ananias alles moes gee nie. Sekerlik nie! Maar omdat die

Gees juis met die geloofsgeld geen skelmagtigheid verdra nie. Ananias wil die gemeente se aansien geniet en tegelyk ook 'n stewige bedraggie vir homself wegsit. Met só 'n gesindheid word 'n gawe van die Gees diensbaar aan egoïsme! Dít verdra die Gees nie.

Ananias en sy vrou het dood neergeval weens hulle oneerlikheid. Geen wonder dat daar 'n groot vrees oor die gemeente gekom het nie. Sedert Pinkster was daar groot erns met betrekking tot eerlikheid. Die Gees dring diep in, tot by die verborge sondes.

Neem U my in besit, deurbreek my onwilligheid, ontmasker my leuens, want by U goddelike majesteit is ek veilig.

Dit het weereens na vore gekom dat Jesus van Nasaret werklik vol goddelike majesteit is. Sy volgelinge was nie maar net 'n entoesiastiese mense-klub nie. Hier was eg goddelike kragte aan die werk, wat nie maar net gemik was op die verwarming van harte nie, maar ook op die ontmaskering daarvan. As Jesus sy Gees uitstuur, blyk dit dat 'n goddelike, verterende vuur aan die werk is — 'n heilige bewys van die goddelikheid van Christus én van die Gees!

Ek wil graag vervul word met die Heilige Gees. Ek verlang intens na die vreugde en entoesiasme. Maar wil ek regtig dat Hy as *God* na my toe kom, en dat Hy my totaal sal opeis? Hy is so majesteitlik, 'n grootheid wat tot in alle ewigheid steeds net groter word. As ek Hom vra om in my te woon, ja dan word ek gekoester deur 'n magtige intense liefde; maar selfhandhawing kan ek maar vergeet. Die vraag is: Wil ek dit vergeet?

Die onvoltooide taak wat voor ons lê is nooit groter as die onbepaalde krag van God wat agter ons is nie.

- Fred D Jarvis

Nee, ek wil nie my selfhandhawing vergeet nie.
En tog; ja, Heilige Gees, ek wil dit vergeet! Neem
U my in besit, deurbreek my onwilligheid,

ontmasker my leuens, want by U goddelike
majesteit is ek veilig.

SONDAG: DIE DAG VAN DIE HERE

EL van't Foort



Die Sondag is iets waarvoor mense altyd aan die praat bly. Ons hoef nie daarvoor verbaas te wees nie! Dwarsdeur die geskiedenis van die volk van God was één besondere dag per week deurlopend onder die loep. Reeds in die Ou Testament was die rusdag baie belangrik. Die rus wat die HERE aan sy volk wil gee, is nie vandag minder belangrik nie. Inteendeel!

Ons wil graag enkele Bybelse motiewe vir ons onderhouding van die Sondag behandel.

Die skeppingsmotief

Die Here het die aarde in 'n besondere volgorde geskape. In ses dae het Hy die aarde as 'n volmaakte woonplek vir die mens klaargemaak. Alles wat die mens nodig het om te lewe was daar: lig, lug, droë grond, groen plante en bome met vrugte, voëls, visse en diere. Eers toe dit alles klaar was, het God die mens gemaak. Die aarde is vir die mens gemaak: dit is sy ideale woon- en leefomgewing.

Die mens ontvang van God die opdrag om oor alles op die aarde te regeer. Die mens is die koning van hierdie deel van die skepping. Met die woorde van Psalm 8: die mens is die kroon van die skepping. *“U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlijkheid gekroon. U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel”.*

Maar die mense is nie die einde, en ook nie die einddoel van die skepping nie. Dit blyk uit dieselfde Psalm 8, wat begin en eindig met die verheerliking van God: *“o HERE, onse Here, hoe heerlijk is u Naam op die ganse aarde!”*

Dit is die doel van God se skepping, dat Hy verheerlik sal word! Dáárom het Hy mense gemaak. Hy het die mens só gemaak dat hulle in staat was om Hom bewustelik en van harte oor

Omdat God selfs my kon red, het ek ook hoop vir alle ander lewende mense.

- Henry T Maham

al sy werke te loof en prys.

Die aarde is dus gemaak as woonplek vir die mens — en die mens is geskape vir die Here! Die sewende dag, die sabbatdag, is die hoogtepunt van God se skepping: daar is nou mense wat God verheerlik! Daarom mag die sabbatdag nie verlaag word tot 'n blote rusdag vir die mens nie. Dit gaan oor die rus van God van sy skeppingswerk — die dag wat Hy vir sy eie eer afgesonder het!

Daar word nie in Genesis 2 met soveel woorde oor die rusdag as 'n instelling, 'n bevel van God, gepraat nie, maar dit kan goedsikks gesê word dat die mens sy Skepper van die begin af daarin nagevolg het. In Eksodus 16 word van die standpunt uitgegaan dat die sabbat reeds daar was. Daarna volg eers Eksodus 20 waar God sy tien woorde van die verbond gee. In hierdie tien gebooie lê God self die verband tussen die sabbat en sy eie rus op die sewende dag van die skeppingsweek. God bevestig dat Hy vir sy volk 'n rusdag wil hê.

Die bevrydingsmotief

God gee rus aan sy volk wat Hy uit slawerny bevry het. In Egipte het die volk nie rus gekry om die HERE te dien nie. Die HERE noem dit teenoor Farao as die motief om sy volk te bevry: *“Laat my volk trek, dat hulle My kan dien”* (Eks. 10:3).

Die bevryding uit die mag van Egipte is beide 'voorteken' én voorwerk van die verlossing uit die mag van die sonde. Die sonde hinder ons in die diens van God. Bevryding van die sonde gee ons die ruimte om God te dien, en om God te dien beteken ook veral om sy Naam te verheerlik. Die volk van God is bevry om weer aan hierdie skeppingsdoel te kan beantwoord.

In Eksodus 31:17 word die sabbat 'n teken

genoem. 'n Teken van die verbond tussen die HERE en Israel. God het vir Homself 'n volk afgesonder, 'n volk wat sy eiendom is. 'n Koninkryk van priesters.

Al het Christus hierdie teken van die Ou Testament vervul en kan ons nie sonder meer die Sondag 'n *teken* van God se verbond met ons vandag noem nie, is dit wel so dat ons juis op die Sondag laat sien dat ons God se volk is. Juis op die Sondag wys ons met wie God sy verbond gesluit het - 'n volk wat afgesonder is om God te dien. Hierdie diens aan God doen ons immers gesamentlik!

Die sewende dag, die sabbatdag, is die hoogtepunt van God se skepping.

Die rusmotief

Op Sondag kan ons rus van ons werk. Gedurende die week is ons so besig met werk en ander aktiwiteite dat daar maar min tyd vir die HERE oorbly. Gelukkig help die HERE ons om die rus wat Hy aan ons wil gee, bewustelik te soek. Die HERE laat ons weer asem skep sodat ons God met ons hele lewe, elke dag, kan dien. Die Here gee ons 'asem', wat veral beteken dat Hy ons vervul met sy Gees, sodat ons weer met 'n sterkgemaakte geloof kan verder gaan.

God gee ons rus om ons aandag en ons lewe op Hom te rig, sodat Hy daardeur geëer en verheerlik kan word. Ons kan hierdie nuwe asem gebruik om al God se werke, ook in ons eie lewe, te geniet.

Die rusdag wat die Here gee, is nie 'n slapdag of 'n dag van verveling nie, maar 'n dag waarop ons entoesiasies en dankbaar aktief kan wees. Ons gaan erediens toe. Daar is geleentheid vir

Die voetstappe van geloof lyk asof dit in 'n lugleegte is, maar dit vind die Rots daaronder.

- John Greenleaf Whittier


gemeentelewe. Sondag is by uitstek 'n dag vir barmhartigheid: omsien na mekaar en ander in nood. Dit beteken ook dat dit 'n dag is wat ons kan gebruik om te getuig.

Die rus wat ons het, het ons aan Christus te danke. Daarom het sy opstandingsdag in die Nuwe Testament 'die dag van die Here' geword

(Openb. 1:10). In Hom sien ons uit na die volkome rus, die ewige rus wat Hy belooft het. Sondag het daarom 'n geestelike karakter. Dit is die dag van die Here. Laat Sondag daarom ook vir ons kinders 'n fees wees. 'n Fees van die Here.

WAT IS KATEGESE?

T Brien



Kategese gaan oor onderwys binne die gemeente van die verbond van God, die kerk van Jesus Christus. Dit is onderwys aan jong lede van die verbond en die gemeente. Die verbondsdade van God tot verlossing van sy volk deur al die eeue moet in opdrag van God aan die jongeres deurgegee word. Die doel is dat 'n nuwe geslag sy God en Here in geloof en oorgawe leer ken, vertrou en dien in die hele breedte, lengte en diepte van die lewe.

Die kategese is: *Verbondsonderrig, in ooreenstemming met die opdrag van God in die gemeente van die Here God aan haar jong lede,*

om hulle onder die seën en leiding van die Heilige Gees, te bring tot die kennis van hulle God en Verlosser vir hulle hele lewe!

Ons wil 'n paar aspekte van hierdie omskrywing van nader beskou.

- a) Kategese is *verbondsonderrig*, dit wil sê, federaal (verbondsmatig) van aard. Dit dui aan dat die onderrig aan die jeug van die verbond gegee word én dat dit plaasvind binne die verbondsverhoudinge. Die kerkjeug is net soos die volwassenes ingesluit in die verbond en die gemeente van die Here God. Die belofte van die evangelie geld daarom in dieselfde mate vir hulle. Spesiaal met die oog op hulle gee die God van die Verbond sy opdrag om hulle in sy openbaring in te lei (lees Deut. 6:7; 11:19; Ps. 78). God gebruik in die ou én die nuwe verbond die onderwys as middel tot kennis van Hom en van sy heil. Hy wil sy verbondsgemeente deur die geslagte heen bou, seën en bewaar. Daarom moet die jeug van die kerk, kragtens die verband deur God self gelê, onderrig word in die beloftes wat deur Hom gegee en verseël is. Die basis vir hierdie onderwys en vorming is niks anders nie as die doop van die verbond.

Niemand het nog ooit na Christus gekom omdat hy geweet het hy is een van die uitverkorenes nie. Hy kom omdat hy Christus begeer en nodig het.

- Enerst F Kevan

b) Kategese is onderrig *in die kerk van Jesus Christus*, dit wil sê binne 'n kerklike raamwerk. God skakel sy gemeente by die voortgang van sy werk, sy verbond en sy ryk in. Daarom is die kategese in die lewe van die gemeente ingevleg. Dit hou in 1) dat die kategese 'n basisfunksie van die gemeente is, 2) dat die gemeente die aangewese leergemeenskap is, 3) dat die gemeente die ruimte is waar die onderrig plaasvind en 4) dat die vorming van die jong lidmate van die gemeente saamhang met die mate waartoe die gemeente uit die heil en die krag van haar verre Heer, lewe. 'n Gemeente met 'n ingesonke en na binne gekeerde geloofsluwe, druk ook daardie stempel op die vorming van die nuwe geslag af. Andersyds neem 'n gemeente met 'n blymoedige en versekerde geloof en 'n kragtige getuienis in die wêreld, ook die vorming van haar jong lidmate op dié pad saam. As sodanig vind die kategese dus nie in 'n neutrale gebied en geïsoleerd plaas nie, maar binne die werklikheid van die gemeente.

'n Gemeente met 'n blymoedige en versekerde geloof en 'n kragtige getuienis in die wêreld, neem ook die vorming van haar jong lidmate op dié pad saam.

c) Kategese geskied *onder die seën en leiding van die Heilige Gees*. Die kategese staan in die werksveld van die Heilige Gees. Die Gees wil die kategese gebruik in sy verheerliking van Christus in die midde van die gemeente en in sondaarlewens. Hy het dit belowe. Die kategese mag in die krag van hierdie belofte staan en die kategeet mag met daardie krag

optree en bemoedig word. Die werk van die Gees kom ewenwel ten rykste na vore wanneer ons, na die woord van die Skrifte, glo dat die Gees self in die katkisasielokaal aanwesig is. Dán word dit ook belangrik om te besef dat die kategeet en/of die katkisante die Gees kan bedroef of teëwerk, en dat hulle dus ook op hulle hoede moet wees hoe hulle daar werk.

d) Kategese is gerig op kennis van God *vir die hele lewe*. Dit gaan nie bloot daarvoor dat die jongmense baie van die Bybel moet weet, en allerlei wetenswaardighede oor die Bybel, kerk en geloof kan opsê nie. Kennis van God is méér en anders as om baie van Hom te weet. Die kategese is daarop gerig om die jonges tot beoefening van daaglikse omgang met God en 'n lewe voor Hom, te bring. Dit raak hulle hele bestaan én hulle hele persoonlikheid. Dit raak ook hulle plek in die gemeente en in hierdie wêreld, in elke verband waarin in hulle staan of nog te staan mag kom. Die allesomvattende eksistensiële aspek van die kategese moet vanaf die staanspoor die leerproses bepaal.


e) Kategese is *onderrig* in, en die *toebring tot kennis van God*. Dit wil sê, jongmense waarlik leer, vorm en lei tot 'n lewe met God en Jesus Christus. Die gegewens en resultate van die didaktiek, met dié van die psigologie en pedagogiek, kan ons hierin help. Ons behoort sulke inligting te verwerk vir die leerterrein van die kategese. Die eie aard van die kategese, die Bybelse doelstelling en die verbondsmatige raamwerk, is steeds die norm om te bepaal welke van hierdie gegewens en resultate vir die leerproses van die kerk geskik is, al dan nie. Tog kan hierdie leerproses nouliks genoeg didakties verantwoord word.

Ons moet iets doen met die kruis, en ons kan net een van twee dinge doen: ons kan daarvan wegvlug, of daaraan sterf.

- AW Tozer

MASTURBASIE

P Niemeijer



Masturbasie is die bewuste prikkeling van die eie geslagsorgane wat eventueel uitloop op 'n orgasme.

Die term

In die verlede is soms gepraat van onanie. Die naam is ontleen aan die geskiedenis wat in Genesis 38 beskryf word. Onan was 'n seun van die aartsvader Juda. Nadat sy broer Er kinderloos gesterf het, kry hy die opdrag om 'n swaershuwelik met Er se weduwee, Tamar, aan te gaan. Die swaershuwelik het ten doel gehad om by sy skoonsuster 'n nageslag te verwek wat die naam van sy oorlede broer sou dra.

Maar Onan wou van hierdie broederlike plig niks weet nie. Omdat die nageslag nie syne sou wees nie, het hy tydens sy omgang met sy skoonsuster sy saad op die grond gestort. Dit het die toorn van die HERE teen hom gewek en die HERE het hom laat sterwe (v. 9). Dit word uitdruklik gesê dat Onan “by die vrou van sy broer ingegaan het”. Dit is daarom nie voor die hand liggend dat mens hier aan masturbasie

moet dink nie. Dit gaan eerder oor iets soos *coitus interruptus*. Die naam onanie is dus nie van pas as dit by masturbasie kom nie.

Die naam onanie het intussen aan masturbasie 'n negatiewe assosiasie besorg; iets wat die HERE se toorn wek en wat die dood van Onan beteken het. Daar was diegene wat gedink het dat dit 'n onvergeeflike sonde is en dat dit 'n sonde is wat gruwelike kwale tot gevolg het.

Dit is van belang om te beseef dat Onan nie vanweë masturbasie of toepassing van *coitus interruptus* deur die HERE gedood is nie. Die sonde van Onan was dat hy geweier het om 'n nageslag vir sy broer te verwek. Onan het dit sy broer nie gegun dat sy erfdeel deur 'n nageslag in stand bly en dat Er deur sy nageslag in die Messiaanse erfenis sou deel nie. Dit het die misnoeë van die HERE tot gevolg gehad en dáárom het die HERE hom laat sterwe.

Die term *selfbevrediging* word ook vir masturbasie gebruik. Daarteen kan opgemerk word dat prikkeling van geslagsorgane vir 'n orgasme oor die algemeen nie 'n vredige gevoel bring nie, maar juis skuldgevoelens tot gevolg het en bestaande eensaamheid net maar beklemtoon.

Ander terme vir die daad is te banaal om deur ons hier gebruik te word.

Ons volstaan met die term masturbasie, wat vermoedelik ontstaan het uit 'n kombinasie van die Latynse woorde *manus* en *stuprare*. *Manus* beteken hand en *stuprare* dui op iets onterends. Ons hoop om in wat volg die negatiewe kleur wat die term masturbasie het, te verantwoord.

Laat ons hoop op die hemel ons vrees vir die dood oorwin. Want hoekom moet ons bang wees om te sterf, as ons weet dat ons sal leef deur te sterf?

- William Gumall

Volgens opnames en ondersoekes masturbeer nagenoeg 80 persent van seuns en 40 persent van meisies. Daar word selfs persentasies van 90 persent en 60 persent onderskeidelik, genoem. Hoewel masturbasie dus meer onder seuns as onder meisies voorkom, is dit blykbaar vir hulle makliker om uit die greep van masturbasie los te kom.

Die verslawing aan masturbasie is vir baie jongmense 'n droewige aangeleentheid. Hulle wil dit verbreek, maar kry dit nie reg nie. Hulle stry daarteen, maar dit lyk asof die probleem daardeur des te groter word. Dit beheers hulle lewens, hulle beland in 'n afwaartse spiraal wat hulle uiters depressief kan maak.

Sorgvuldige onderskeid

Daar word tereg op gewys dat kinders al baie jonk begin om met hulle geslagsorgane te vroetel. Dit gebeur sonder dat hulle bewus is van wat hulle doen. Gaandeweg ontdek hulle nie net dat hierdie gevroetel met hulle geslagsorgane lekker voel nie, maar maak hulle langs dié weg ook kennis met hulle seksuele gevoelens. Hulle ontdek dat hulle die lekker gevoel self kan wek en intensiveer deur te vroetel, maar ook byvoorbeeld deur so lank moontlik te wag voordat toilet toe gegaan word. Ook dan hoef hulle nie noodwendig te besef waarmee hulle besig is nie, maar kan intussen tog daaraan 'verslaaf' raak.

In vroeë puberteit is dit gewoon dat kinders allerlei vreemde fantasieë ervaar saam met wat hulle met hulle geslagsorgane doen. Tot die homo-erotiese. As hulle nie deur hulle ouers daarop voorberei is nie kan hulle groot skrik en daarvoor bang word.

Hoe meer jongmense van hulle seksuele gevoelens bewus word, hoe meer ontdek hulle dat die lekker gevoel wat hulle by hulleself wek

nie werklik bevrediging bring nie. Dit laat 'n bepaalde leegheid na. Hulle besef dat hulle nie hulle seksuele gevoelens werklik op hulle eie kan beleef nie. Hulle het iemand anders nodig. Die verlange om hulle lewe met iemand van die ander geslag te deel groei al hoe meer.

Daar is diegene wat hiervan bewus word en besluit om nie meer só hulle geslagsorgane te betas nie. Maar helaas is daar heelwat (dink aan

Wie dieperliggende skuldgevoelens of onvrede probeer vergeet deur masturbasie, ontdek dat hy of sy net maar dieper daarin wegsink.

die genoemde persentasies) wat nie daarvan los kom nie. Hulle het iets ontdek wat opwindend en lekker is, en wat hulle 'n tydjie van ander aaklige dinge laat vergeet. Hulle voel weliswaar nadat hulle gemasturbeer het vreeslik vuil, maar wanneer hulle die volgende keer bedruk voel, kan hulle die drang eenvoudig nie weerstaan nie. Dan ontstaan 'n verslawing. En dit lyk of die geveg daarteen hulle maar net dieper laat wegsink. Dit eis al hulle aandag en verteer al hulle energie. Hulle hele lewe word naderhand daardeur beheers.

Masturbasie is nie beperk tot jongmense nie. Daar is ook ouer mense wat tot hulle huwelik nie van die drang om te masturbeer kan loskom nie. Ongetroudes kan die idee hê dat dit die enigste manier is om seksuele genot te kan ervaar. Hulle kan ook uit nood masturbeer, wanneer dit voel asof die seksuele spanning te hoog loop. Hulle ontlai dan op hierdie manier omdat hulle bang is dat die seksuele spanning 'n ander, skadeliker uitweg gaan vind.

Dit is duidelik dat ons nie alles wat genoem is oor een kam kan skeer nie. Daar is 'n duidelike

In hel is daar geen plek vir hoop nie. Op aarde is daar geen rede vir wanhoop nie.

- Browlow North

onderskeid tussen 'n peuter wat aan sy geslagsdele vat en 'n getroude wat masturbeer. Daar is 'n verskil tussen 'n puber wat nog nie besef waarmee hy besig is nie en 'n puber wat bewustelik sy seksuele luste opwek. En die sogenaamde noodmasturbasie is iets ander as die gereelde gewoonte om bevrediging by jouself te soek.

Beoordeling

Ons gee ons mening oor masturbasie puntsgewys.

Seksualiteit is 'n paradysgawe (Gen. 1:27; 2:23). Jongmense moet leer om hulle seun- en meisiewees dankbaar te aanvaar. God het ook die seksualiteit gegee om met danksegging geniet te word (1 Tim. 4:4, 5).

Ons kan ook nie anders as om die ontwikkeling van seksuele gevoelens met vreugde te aanvaar nie. Kindertjies wat aan hulle geslagsorgane vroetel moet nie die idee kry dat hulle met iets vuil of iets uit 'n donker wêreld besig is nie. Dit gaan oor iets waardevol waarmee hulle moet leer om sorgvuldig om te gaan en waarmee hulle suinig moet wees.

Spontane saadstorting is nie sonde nie. Dit is 'n normale liggaamlike proses. Die bepaling in die wet van Moses dat 'n man na saadvloeiing onrein was (Lev. 15:16-18), was nie teen die agtergrond dat so 'n liggaamlike ontlading vuil of sondig was nie. Die bepaling het saamgehang (net soos ander reinheidswette en -bepalings) met die God van lewe se haat van alles wat beskou is as verlies van lewe en lewenskrag.

In die algemeen moet ons dit stel dat ons gevoelens in sigself nie 'n norm is nie. Ook gaan

dit nie outomaties goed as ons maar ons innerlike drange volg nie. Die feit dat iemand hom innerlik tot 'n bepaalde daad gedronge voel, is nog nie regverdiging vir die daad nie (Ef. 4:17-19). Ons gevoel, ons gemoedstemming en ons wil staan ook onder die seggenskap van die Here (Ps. 19:15; 2 Kor. 10:5). Só kan die Here sê dat ons nie hoef bang te wees nie (Jer. 1:8; Matt. 28:5; Openb. 1:17), of dat ons moet ophou huil en bly mag wees, omdat ons danksy God se

werk en God se sorg rede daartoe het (Neh. 8:10-13; Filip. 4:4). Die Here kan ook sê dat Hy ons gelag en gesing nie kan verdra nie (Amos 5:23).

Vir ons seksuele gevoelens en begeertes geld ook dat hulle nie uitgeleef nie, maar beheers moet word (Eks. 20:17; Rom. 1:24-27; 1 Tess. 4:4, 5; 2 Pet. 2:10). Kinders moet nie alleen hulle seksuele gevoelens ontwikkel nie, maar dié gevoelens moet ook bestuur word. Ouers moet byvoorbeeld by hulle kinders 'n skaamtegevoel tuisbring. Nie omdat die seksuele lewe vuil is nie, maar omdat dit besondere sorg verdien. Soos jy goed vir jou geslagsorgaan sorg deur dit te was, so sorg jy ook goed daarvoor deur dit te bedek. Jy moet daarmee suinig wees. Ook gevroetel aan geslagsorgane kan daarom nie maar onbeteueld wees nie.

Seksuele opvoeding van jong kinders kan dikwels plaasvind na aanleiding van 'n swangerskap en bevalling of na aanleiding van vroeë oor die verskille tussen boeties en sussies. Dit bied 'n skitterende geleentheid vir goed gestruktureerde opvoeding. 'n Mens kan vir die kinders op dié manier goed verduidelik dat seksualiteit bedoel is vir omgang in die huwelik.



'n Egte geloof bring 'n ligte hart voort.

- J.C. Ryle

Jy het dit nie vir jouself gekry nie, maar vir omgang met 'n ander.

Masturbasie word van ouds binne die Christendom afgekeur. Vandag word daar gesê dat hierdie veroordeling gelei het tot 'n negatiewe benadering tot seksualiteit. Daarom word teenswoordig gepleit dat daar begrip moet wees vir die plek van selfbevrediging in die verkenning van die eie liggaam en die ontwikkeling van seksuele gevoelens. Selfbevrediging is 'n bloot nuttige funksie in seksuele rypwording. Wie masturbasie verbied, verbied dus eintlik seksualiteit.

Die indruk wat ons kry, is dat sulke oortuigings oor masturbasie nie jongmense wat in puberteit met hulle drang om te masturbeer worstel, regtig verder help nie. Hulle masturbasie is heelwat anders as die betasting van die geslagsorgaan as deel van die verkenning van die eie liggaam en die ontwikkeling van seksuele gevoelens. Die aanraking van die geslagsorgane deur jong kinders, in die vorm waarin dit hierbo uiteengesit is, hoort by die fase waarin kinders nog van seksualiteit onbewus is en op daardie stadium heeltemal nie van 'n etiese probleem bewus is nie.

Ons het elders daarop gewys dat ons met ons seksualiteit op ander gerig is. Wie bevrediging soek langs die weg van masturbasie rig hom, met sy seksuele gevoelens, op homself. Daarom is dit ook nie reg om 'n vergelyking te tref met die kind wat deur val en opstaan leer loop nie. As so 'n kind tydens die leerproses val, is dit nie sonde nie. Wie homself egter deur masturbasie bevredig, is nie op 'n goeie pad nie, maar loop in die verkeerde rigting. Hy rig sy gevoelens verkeerd.

Die bewuste stimulering van die geslagsorgane kan in die liefdesspel van man en vrou 'n plek

hê. Dit is nie *self*bevrediging nie. Niemand hoef hom ook te bekommer oor die drang en luste wat hy of sy daardeur tydens die liefdesspel ervaar nie. Dit help om die ander in die omgang met mekaar te geniet.

In sommige literatuur word daarop gewys dat masturbasie dikwels nie as alleenstaande saak na vore kom nie. Die gevroetel aan die eie geslagsorgane kan reeds by klein kindertjies meer wees as 'n, owerigens onbewuste, verkenning van die eie liggaam. Dit kan ook die teken wees van eensaamheid of 'n behoefte aan liefde, wat nie genegeer mag word nie.

Maar ook by jongmense in puberteit en daarna staan masturbasie nie op sy eie nie. Walter en Ingrid Trobisch wys daarop dat die begeerte om te masturbeer oor die algemeen nie te make het met seksuele rypwording nie, maar uit 'n elders dieperliggende onvrede voortkom. Ook Dr. WR Scholte, wat daarvoor pleit dat selfbevrediging binne die seksuele ontwikkeling aanvaar moet word, skryf: "Vir baie adolessente is gereelde selfbevrediging 'n manier waarmee hulle probeer om tydelik van hulle eensaamheidsgevoel ontslae te raak".

Wie dieperliggende skuldgevoelens of onvrede probeer vergeet deur masturbasie, ontdek dat hy of sy net maar dieper daarin wegsink. Daar kom nie vrede nie. Die bestaande gevoelens van skuld en eensaamheid en afkeer aan jouself word maar net sterker. Effektiewe hulp moet daarop gerig wees om die werklike bron van onvrede op te spoor en daaraan te werk — in die krag van die Heilige Gees.

Dat masturbasie in praktyk verslawend werk, hang saam met die voorgaande. Jy probeer met masturbasie aan die negatiewe gevoelens wat jy het, ontkom, maar jy sink steeds dieper in die put. Dit is 'n bose kringloop. Verslawing is altyd

Liefde in die Nuwe Testament beteken altyd dat 'n Christen bewus is van sy verantwoordelikhede.

iets wat nie by God se kinders tuishoort nie. Die Seun van God wil hulle immers *vrymaak* (Joh. 8:31-36)?! Ook op die seksuele gebied moet mens jou daarom nie laat oorheers nie (1 Kor. 6:12).

Verslawing aan masturbasie kan natuurlik ook by ongetroudes voorkom. Soek na die ware bron van die onvrede! Dink daaraan dat jy nie eers mens is wanneer jy jou seksueel kan uitleef nie: Christus gee die kleur aan ons lewe. Die bruilof van die Lam is die lokkende vergesig. Deur sy Gees gee die Here ons soveel positiewe lewensvolheid dat seksualiteit nie meer die een en al is nie, en seksuele begeertes in toom gehou kan word.

By masturbasie gaan die saadstorting gepaard met seksuele fantasieë wat deur God se Woord verbied word (Eks. 20:17; Matt.5:28). Dit is baie duidelik die geval as by masturbasie gebruik gemaak word van pornografiese films of foto's en die herinnering daaraan.

Soek na die ware bron van die onvrede! Dink daaraan dat jy nie eers mens is wanneer jy jou seksueel kan uitleef nie.

'n Afsonderlike vraag wat op dié punt na vore kan kom, is of iemand werklik skuldig kan wees vanweë fantasieë wat by saadstorting en masturbasie vanuit die onderbewuste by hom opkom. Niemand kan tog iets daaraan doen nie?

Drie opmerking hieroor:

Daar is altyd 'n verskil tussen spontane saadstorting en masturbasie. Om dit só te stel: die eerste doen die liggaam, die tweede doen jy self.

J. Douma het tereg daarop gewys dat dit wat in ons onderbewussyn lewe, dikwels nie los staan van wat ons bedags meemaak nie. In ons erotiese drome en fantasieë speel ons ervaring 'n rol: die boeke wat ons gelees het, die film wat ons gesien het, die begeerte wat ons gekoester het (DE TIEN GEBODEN III, 34e.v.).

Die digter van Psalm 19 vra in vers 13 vergewing vir verborge afdwalings. En dan gaan dit nie oor sondes wat vir die buitewêreld verborge is nie, maar oor afdwalings wat hy nie by homself bemerk nie. Dit gaan oor sondige begeertes wat hy beslis nie koester nie, laat staan nog bewustelik in stand hou. Dit gaan oor afdwaling waarvan hy net eenvoudig nie bewus is nie. Dit hoort tot sy onderbewussyn. Tog is hy daaraan skuldig en vra hy die Here om hom daarvan vry te spreek.

Ons vind dieselfde in Romeine 7. Die apostel Paulus neem hom voor om die Here te dien. Hy verlang daarna, maar stuit telkens weer teen 'n duidelik onbeheerbare drif om te sondig. "*Want*", skryf hy, "*ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens; maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is*" (vv. 22,23). Dit gaan hier dus duidelik nie oor gekoesterde begeertes nie. Dit gaan, sou ons sê, oor die slegte luste in Paulus se onderbewussyn. Die apostel sê nie daarvan 'dit is nie verkeerd nie, want ek kan net eenvoudig niks daaraan doen nie, ek is nou eenmaal so' nie. Miskien hét hy 'n tyd lank geredeneer: jy kan tog nie vir jou diepste begeertes verantwoordelik gehou word nie! Maar toe hy in die wet lees "Jy mag nie begeer nie" (v. 7) het dit verander. Toe besef hy dat selfs sy onderbewuste luste en begeertes hom voor God skuldig maak. Hy roep dit dan ook uit: "*Ek, ellendige mens!*" Sondige begeertes moet nie

Dit is verkeerd om iets as wonderwerk te ag as dit enige ander doel het as slegs die verheerliking van God se Naam.

goedgepraat word nie, maar bely word.

Die onbevredigde gevoelens na masturbasie moet nie goedgepraat of weggeredeneer word nie. Dit moet eksplisiet gemaak word, want dít maak aan alle jongmense duidelik dat hulle nie hulle seksuele gevoelens op hulleself moet rig nie, maar dat hulle seksualiteit ten hoogste ontplooi word in die omgang met 'n ander: die liefdesomgang van man en vrou in die huwelik.

Vergewing

Maak hierdie opvatting oor masturbasie pubers nie wanhopig nie?

Ons stem saam met J. Douma: 'Wie telkens sy skuld bely, by hom/haar word nie 'n verkeerde skuldbesef gekweek nie, maar hy/sy word juis op die reis na die kruis van Christus van skuld bevry. Hulle wat die gebrokenheid van die seksuele situasie wil hanteer (jongmense wat geslagsryp maar ongetroud is - PN), moet hulle nie na selfbevrediging wend nie, maar na skuldvergewing by Jesus Christus. Ons stoot met hierdie woorde geen mens in 'n put in, deur hulle tot 'n sogenaamde onnodige en onmoontlike stryd op te roep nie. Ons wil hulle juis uit die put haal deur hulle tot 'n stryd wat daaglik nodig is en in Christus ook moontlik is, op te roep'.

Jong mense en ook oueres wat met hulle drang om te masturbeer worstel mag lewe uit die belydenis van Sondag 23 van die Heidelbergse Kategismus. Die Here wil aan hulle volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid skenk en toereken. Uit louter genade. Wie sy heil by die Here soek en om vergiffenis vra, is nooit te vuil nie, al moet hy erken dat hy nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is (HK, Antwoord 60). Christus het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering (Luk. 5:32). Hy het vir sondaars

gesterwe (Rom. 5:6). Selfs die sondes wat diep in ons bly steek het, word deur sy bloed en sy Gees gereinig.

Laat my toe om in hierdie verband ook te verwys na Psalm 25 van Dawid oor die sondes van sy jeug. Ek sê daarmee nie dat Dawid daarby spesifiek aan masturbasie gedink het nie, maar aan die ander kant: waarom sou dié sonde nie daarby ingesluit kon wees nie?

Daar is tipiese jeugsondes. Almal van 'n bepaalde leeftyd besondig hulle daaraan. Dit lyk asof dit by die leeftyd hoort en heeltemal menslik is. Maar tog is dit sonde! Sondes van die jonkheid, soos Dawid sê.

Jy sal nie outomaties van die sonde ontslae raak as jy ouer of volwasse is nie. God wil jou al in jou jeug van sonde verlos. Hy het self, by monde van Dawid, aan ons geleer om vir vergewing van die sondes van ons jeug te bid. So dikwels as wat jy die sonde bely en Hom om vergiffenis bid, so dikwels reken Hy jou die sonde nie meer toe nie.

Die Here begin nie eers aan ons werk wanneer ons 'n belydende lidmaat of 'n volwassene is nie. Hy dink ook aan die kinders, vergewe ook hulle sondes (Ps. 115:3; Hand. 2:38e.v.) en deur sy Heilige Gees werk Hy ook aan hulle vernuwning. Hy laat hulle besef hoe skadelik dit is om op allerlei terreine agter hulle begeertes en hartstogte aan te loop. Hy leer hulle dat hulle nie hulleself moet bevredig nie, maar hulle moet beheers — in hulle ete, in hulle drinke, in hulle omgaan met hulle liggame en ook in hulle omgaan met hulle seksuele gevoelens! Die een breek onmiddellik met masturbasie, die ander het 'n lang tyd nodig en loop die pad om stap vir stap die tussenposes tussen twee masturbasies te vergroot. Maar hoe dit ook al gebeur: in die krag van die Here kán oorwin word!

'n Erediens wat nie die verlede gedenk nie, is werd om self vergeet te word.

- A Carter